




Wil Damwal Gooi Teen Afrikaanse Invloed

„Die druk van Afrikaner-nasionalisme en die toenemende immigrasie van Afrikaners na die twee Rhodesië” word deur die Britse blad Economist langs die natu-
rellebeleid van die Unie

genoem as die beweegredes wat agter die Britse pogings sit om 'n nuwe Midde-Afrikaanse dominium tot stand te bring uit die twee Rhodesië en Niassaland. Die bedoeling van die federasie is

dan hoofsaaklik om „weerstand te bied teen die verspreiding van die Boere-invloed.”

Die blad verklaar dat die Britse regering en die twee Rhodesië bevoorend is dat 'n tyd mag aanbreek wanneer Suid-Rhodesië, indien hy verhinder word om volle dominiale status en ook leierskap in 'n wyer Midde-Afrikaanse gebied te verkry, geneig mag wees om meer na die Unie te kyk in insluiting daarby te soek.

'n Ander Britse blad, die Spectator, verklaar dat die ontwikkeling van 'n federasie vir eens en vir altyd die neiging van Suid-Rhodesië om na binne die Unie se gebied te beweeg, uit die weg sal ruim.

Die dreigende stigting van 'n nuwe Britse dominium in Afrika as 'n damwal teen Afrikaanse invloed op hierdie vasteland, onderstreep die dringende noodsaaklikheid dat Suid-Afrika sonder verwyl 'n republiek word. Dit is die taak van die Unie om die leiding in Afrika op hom te neem as teenvoeter vir die Britse Swart-Afrika-beleid. Maar solank ons binne die Britse Statobond is, het ons geen aantrekkingskrag vir mense wat ontevrede is met die Britse kleurbeleid nie.

PARLEMENTARIËRS HULLESELF HELP Splinternuwe Beginsels Ingevoer

- Hoewel die finale wetsontwerp wat die eerste minister verlede week ingedien het om die salarisse van parlamentslede te verhoog in sekere opsigte verskil van die syfers wat aanvanklik gepubliseer is, bied dit nietemin nog 'n onvergelyklike voorbeeld van selfsorg.
- 'n Heeltemal nuwe beginsel is deur die eerste minister ingevoer wat vergoeding en volksverteenvoerding betref, naamlik dat volksverteenvoerding nie meer 'n volksdiens is nie, maar 'n broodwinning waaraan 'n kapitale belegging in die vorm van verkiesingskoste verbonde is.
- Die bykomende las wat op die belastingbetalers gelê word weens hierdie verhogings en die van provinsiale raadslede beloop meer as £116,000. Daarby moet nog kom die bedrae aan pesioene wat voortaan ook aan afgetrede parlementariërs en hul weduwees uitbetaal sal word, ongeag of hulle dit nodig het of nie. Die betrokke ministers kon nie sê hoe groot die jaarlikse koste sal wees nie.
- Vir die eerste keer sal Suid-Afrika voortaan ook 'n stywe pensioen betaal aan die goewerneur-generaal wat Sy Majesteit, die Britse Koning, verteenwoordig, en wie se werk per slot van sake deur die kabinet gedoen word. Hy sal £2,000 en sy weduwee £1,000 per jaar aan pensioen na sy aftrede (of dood) ontvang. (Sy salaris tydens die gebruikelike vyf jaar ampstermyn is £10,000 plus £5,500 onthaaltoelae per jaar, plus vry woning, plus reistoelae, ens.)

Die nuwe salarisse van parlamentslede en senatore sal voortaan £1,400 wees in plaas van £1,000 sedert 1946 en £700 voor 1945. Die helfte hiervan (£700) word vrygestel van inkomstebelasting.

Die eerste minister sal voortaan £5,000 ontvang in plaas van £4,000 (£3,500 in die jare voor 1945). 30 persent hiervan £1,500 is belastingvry.

Die leier van die opposisie (wat geen ander staatswerk verrig as 'n gewone parlamentslid nie) ontvang nou £2,300 in plaas van sy vorige salarisse van £200 en £700 onderskeidelik. Sy salaris het in vyf jaar meer as verdriedubbel, en hiervan is £1,080 vrygestel van belasting.

Gewone ministers ontvang nou £4,000 in plaas van die vorige £3,000 na 1946 en £2,500 voorheen. Hiervan is £1,200 belastingvry.

Spesiale verhogings van £500 en £400 is toegeken aan die

voorsittende lede van die twee kamers.

MOTIVERING

In sy toespraak het dr. Malan beklemtoon dat die partye gesamentlik verantwoordelik is vir die maatreël — 'n feit wat dermate oorbeklemtoon is, ook in die regeringspers, dat dit duidelik toon dat die regering nie kans sien om die volk alleen in die oë te kyk nie.

Dr. Malan het verduidelik dat die stygende lewenskoste verantwoordelik is vir hierdie verhogings, sowel as die feit dat volksverteenvoerding feitlik 'n voltydse werk geword het. Die eerste minister het blykbaar vir die oomblik vergeet dat die verhoogde lewenskoste reeds vergoed is toe daar in 1945 £150 en in 1946 weereens £150 tot parlementêre salarisse toegevoeg is, en dit uitdruklik destyds gesê is dat dit as 'n lewenskostetoelaag beskou moet word, en dat daar verlede jaar 'n verdere toegewing teen die lewenskoste was in die vorm van 'n 70 persent-belastingvrye salaris, wat parlamentslede heeltemal van inkomstebelasting gevrywaar het.

Die regering maak daarop aanspraak dat hy die lewenskostestygting in bande gelê het; nietemin bied hy parlementariërs 'n lewenskoste-vergoeding aan van £700 teenoor die £254 wat die hoogste staatsamptenare ontvang.

„KAPITAAL”!

Die eerste minister het 'n uiters oorspronklike en gesogte verskoning aangebied vir die kwytstelding van belasting wat parlementariërs in so 'n ryke mate ontvang. Hy het gesê dat sover dit die publiek betref, alle geld wat spandeer word om 'n inkomste te verkry, nie onderhewig aan belasting is nie. Dit is nie die geval met parlamentslede nie en die onkoste wat hul-

le het tel nie vir belasting-aflaag nie. Die wetsontwerp plaas hulle nou op gelyke voet met ander lede van die publiek in hierdie opsig. Die helfte van hul toelae sal vrygestel wees van inkomstebelasting.

Die eerste minister se argument kom hierop neer dat 'n kandidaat veronderstel word om £3,500 (5 maal £700) aan verkiesingskoste te betaal ten einde 'n jaarlikse inkomste van £1,400 te kan ontvang.

Dit beteken dat daar vir die eerste maal in ons geskiedenis wetlik aanvaar word dat 'n parlamentslid nie 'n volksverteenvoerder is nie, maar 'n beroepsman wat hom verkiesbaar stel uitsluitend met die doel om daarvan 'n broodwinning te maak. Sy verkiesingskoste word nou beskou as 'n kapitale belegging wat vrygestel is van belasting net soos 'n sake-man se kapitaal waarmee hy vir hom 'n winkel aanskaaf om van te lewe.

Dit beteken verder dat die belastingbetalers van die land nou opgevorder word om die koste van politieke partye te help dra, want partye dra self die regstreekse verkiesingskoste van hul kandidaat — daarvoor word daar tans weer gekollekteer vir 'n dr. Malan-fonds.

WAT VAN ANDER?

Die vraag kan gestel word dat indien 'n parlamentslid se verkiesingskoste beskou moet word as 'n kapitale belegging wat vry van belasting is, moet die studie-koste van 'n onderwyser of 'n staatsamptenaar nie ook as kapitale belegging beskou word nie? Ook hulle gee mos geld uit om 'n inkomste te kan kry!

In 1950, toe 70 persent van parlamentslede se salarisse vir die eerste maal van belasting vrygestel is, is dit uitdruklik

beskryf as 'n vergoeding vir die lewenskoste. Nou, nadat £400 verhoging as sodanige vergoeding aan die publiek voorgehou word, word die belastingafslag voorgehou as 'n toegewing aan kapitale belegging!

Watter fratse moet daar nie uitgevoer word om hierdie buitensporige selfsorg teenoor die publiek te billik nie!

KAN NOU WEER HUUR BETAAL

Daar is darem een toegewing teenoor die publiek gedoen. 'n Paar maande gelede het die hoë lewenskostedruk — wat die ministers beweer hulle goed onder die duim het — dit vir die ministers onmoontlik gemaak om langer hul huishuur te betaal. Hulle het hulself toe vrygeskeld van huishuur. Nou dat hulle 'n verhoging van £1,000 per jaar ontvang, sien hulle darem weer kans om die £20 per maand aan huishuur op te bring.

Dit is, om die minste daarvan te sê, 'n lugubere affêre — om te sien hoe gulsig leidende figure in die oog van die publiek hulself help aan die belastingbetaler se tol, terwyl hulle hulself nie net van belasting vrystel nie, maar selfs die belastingbetaler dreig dat hy voortaan groter bedrae sal moet opdok, soos die minister van finansies verlede week die laer inkomstegroep gewaarsku het.

Wanneer 'n Opposisie Sy Plig Nalaat

Hoewel al die partye in die parlement by monde van hul leiers reeds die noodsaaklikheid erken het dat groot volksvraagstukke soos onder meer dié van kleur op 'n gesamentlike of nie-partypolitieke grondslag behandel moet word, kon dit nog nie gebeur nie. Uit ons groot en gevaarlike vraagstukke word sonder ophou partypolitieke munt geslaan.

Toe die regering dit egter in die kop kry om lieflike verhogings aan alle parlementariërs toe te ken, was alle partye sonder 'n sweem van bedenking dit ten volle eens om „gesamentlike verantwoordelikheid” daarvoor te aanvaar.

Wanneer dit hul persoonlike belang raak, in terme van 'n paar honderd pond vergeet die opposisie dat hy glo die plig van Sy Majesteit die Koning ontvang het om oor die volk se belange te „waak” deur alles teen te staan!

Maar hierdie plig sal nooit versak wanneer dit die volk se belange raak nie!

VOLKSBEWEGING LOOP VOOR

Genl. De Gaulle se volksbeweging — Die Herryse van die Franse Volk — het uit die algemene verkiesing getree as die sterkste enkele politieke mag in Frankryk.

Met 615 van die 627 uitslae bekend, is die posisie as volg: Gaulliste 116; Gemagtigdes 103; Kommuniste 100; Sosialiste 101; Radikale 92; M.R.P. 81; ander 22.

Nietemin sal die koalisiegroep wat bekend staan as die „Middelgroep” die regering vorm. Hul leiers verklaar egter dat die sterkte van die De Gaulle-party die vorming van 'n nuwe en stewige koalisie 'n netelike taak kan maak.

Hulle het oor die verkiesing die kieswet so gewysig dat dit teen die kommunistiese party en De Gaulle diskrimineer.

Genl. De Gaulle self het nie 'n setel betwis nie. Die Franse Volksbeweging wil 'n nasionale herlewing bewerkstellig deur o.m. die partystelsel af te skaf en die kommunisme te onderdruk — selfs met geweld.

Teenstrydig? Watwou!

„Nog onlangs het kabinets-ministers verklaar dat die lewenskoste nie hoër gaan nie. Regverdig dit parlamentslede om byeen te kom en hulself 'n verhoging van 40 persent toe te ken waarvan 70 persent vrygestel is van belasting?” skryf 'n leser in die Cape Times.

Die blad self merk op:

„Dit is ook betekenisvol dat 'n regering wat geesdriftig toestem om ons L.V.'s van die bes-besoldigdes in die wêreld te maak, hardnekkig volhou dat Suid-Afrika se lewenskoste die laagste in die wêreld is.”

Oplossings Vir Lang Sittings

Ter verdediging van die buitensporige verhoging wat parlementariërs hulself toegeken het, is aangevoer dat volksverteenvoerding 'n bykans voltydse werk geword het — lede moet vir vyf maande in Kaapstad woon.

Die oplossing lê natuurlik nie in hoër salarisse nie, maar in die afskaffing van die Britse baklei-stelsel en die herinvoering van die Boerestelsel waar daar gewerk is — nie propaganda gemaak is vir politieke partye nie.

In Switserland, waar geen Britse stelsel bestaan nie, duur die sittings maar van twee tot drie maande. Switserse volksverteenvoerders ontvang dan ook maar net £1/5/- per sittingsdag.

DIE O.B., WOENSDAG, 27 JUNIE 1951

STUIT DIE DODERIT

Die behoefte aan 'n onafhanklike republikeinse organisasie in ons land is die afgelope maande ten duidelikste bewys. Dit is 'n feit dat die konstitusies van sowel die H.N.P. as die Afrikaner Party republikeinse klousules bevat en dit is net so 'n feit dat die oorgrote deel van die nasionaalbewuste partye se aanhangers in merg en been republikeins is. Maar dit alleen is nog geen waarborg dat ons nasionale leiers op die republikeinse pad van ons volk sal volhard nie. Ten spyte van albei hierdie erkende feite het daar 'n baie ernstige afwyking ten opsigte van ons vryheidsideaal by die hoofleiding van die politieke party twee jaar terug ingetree. Die ideaal van 'n republiek los van die Britse Statebond, of soos dr. Malan dit nog in 1941 genoem het „'n vrye" onafhanklike republiek afgeskei van die Britse Kroon en Ryk," is verruil vir die „ideaal" van 'n Britse republiek wat nog met die Britse kroon nog met die Britse Statebond breek. Daarmee het, soos ons al tevore aangetoon het, die hele sin vir en dryfkrag agter die republikeinse beweging weggesak. So 'n „republiek" bring geen wesenlike verandering in ons land se status teweeg nie. Dit is 'n blote naamsverandering.

Met die magtige pers waarmee 'n politieke party vandag sy volgelinge beïnvloed, en ondersteun deur die yster-discipline van die politieke party wat hom binne die parlement deur middel van die koukus-diktatuur laat geld en daarbuite deur middel van politieke afpersing wat die volk wysmaak dat as hulle die party benadeel terwille van republikanisme, hulle volksverraad pleeg deur die Afrikaner-bewind in gevaar te stel, was die gevaar baie groot dat ons volk tans weer soos voor en na 1912 sy republikeinse ideaal sou verloën terwille van partytrou. In 1912 was daar die nuwe onafhanklikheidsbeweging onder genl. Hertzog wat die vryheidsvlam brandend gehou en sodoende groot getalle republikeine teruggewen het voordat hulle verstokte Empire-manne geword het soos die Bothas, Smutse en Strauses.

Wat sou die posisie vandag gewees het indien daar geen Hertzog was wat eenkant gaan staan het om vir Suid-Afrika te getuig nie?

ONDERMYNING

Reeds het ons in die afgelope jaar of wat gesien hoe die nasionale koerante die volk se vryheidsgevoel begin verdoof met suggesties dat die Britse Statebond nie meer „Brits" is nie en dat „dit in ons belang is" om binne die Empire te bly en vanselfsprekend is dat ons ons eensydige Britse voorkeurhandel moet voortset omdat dit in belang sou wees van „ons wolboere, vrugteboere en wynboere." Dit het dan ook al 'n alledaagse verskynsel geword om nasionaalgesindes te hoor argumenteer oor die „gevaar" van republiekwording — argumente wat hulle 'n aantal jare gelede by die Sappe bestry het. Ons verneem hierdie argumente in private gesprekke en ons lees dit in nasionale koerante — Die O.B. het onlangs nog 'n hele reeks briefwisselings tussen nasionaalgesindes uit Die Transvaler aangehaal. Die doderit van republikanisme het reeds die ongelooflike afstand bereik dat die koukus van die H.N.P. sy lede verbied het om in die openbaar propaganda vir die republiek te maak. As hierdie stap deur die volk stilswygend aanvaar is, was dit klaarpraat met republikanisme. Binne die party kon niemand daarteen waarsku nie, trouens koukusbesluite word geheim gehou vir die volk. Geen nasionale koerant het van hierdie verbod melding gemaak nie, sodat die volk heeltemal ongewapend gestaan het daarteenoor. Maar Die O.B. het in die openbaar getuig, en hoewel daar nog geen verandering van die verkeerde koers ingetree het nie, het ons optrede tog die gevolg gehad dat die doderit in sy vaart vertraag is. Lede van die party is wakker geskud. In die pers het briewe verskyn wat duidelik toon dat party-volgelinge nie die verkeerde koers onderskryf nie, en die hoofleier van die party was selfs genoodsaak om die woord republiek weer op sy lippe te neem, al verstaan hy daaronder iets anders as wat sy toejuigers vermoed. Maar die volk is gewaarsku, soos ook blyk uit 'n brief in die pers van prof. S. du Toit wat aandrang op 'n duidelike verklaring van die leiers en volhardende propaganda vir 'n republiek deur die party-pers.

REPUBLICKEINSE DRUK

Dit is egter noodsaaklik dat die republikeinse doderit nie net vertraag nie, maar heeltemal gekeer moet word. Ons leiers moet terug na die suiwer ideaal, en dit kan alleen gebeur wanneer die druk van binne en buite die party so sterk word dat geen leier dit sal waag om van die volkskoers af te wyk nie.

Daar is twee dinge wat ons taak bemoeilik. Die een is dat die hoofleiding van die H.N.P. graag nog by die volk die skyn wil bewaar van republikanisme deur 'n geleidelike afwatering van die ideaal. Die ander is die politieke afpersing deur die verwyte dat „julle die Sappe help deur die regering te kritiseer." Wat die eerste betref, ag ons dit ons plig om aan die volk voor te hou in watter opsigte die leiers afwyk. Alleen so kan die party-volgelinge in die pers en in kongresse die leiers tot onbubbelsinnige standpunt-verklaring dwing. En juis op grond van hierdie plig verval die aanklag dat ons „die Sappe help" deur ons kritiek. Daar is belangriker

(Vervol in volgende kol.)

Van Die Os Op Die Esel

Deur Sybrand

Volk se Sake Moet Wag

Toe die parlement verlede week verdaag het en die parlementslede met hulle jaarlikse sewe-maande vakansie huis-toe is, was skaars die helfte van hulle program van werksaamhede afgehandel. Talle wetsontwerpe is eenvoudig op die waglys, wat elke jaar langer word, geplaas. Maar die wetsontwerpe wat voorsiening maak vir die verhoging van parlementslede se salarisse en vir die toekenning van pensioene aan parlementslede is nie op die waglys geplaas nie. Intendeel, dit is op die wetboek geplaas.

Ek wonder of die parlementslede verwag dat die volk tevrede moet wees met sodanige optrede. Jaar na jaar, en dikwels jare aaneen, moet wetgewing wat met die volk se sake te doen het, in die parlementêre tou staan en jaar na jaar gaan die parlementslede met vakansie voordat die wetgewing in behandeling kan kom. Parlementslede het nie tyd daarvoor nie — hulle is haastig huis toe wanneer die parlement slegs vyf maande van die jaar gesit het. Maar hulle is darem nie te haastig om wetgewing aan te neem — wat nog nooit eers in die tou gestaan het nie — waardeur hulle vir hulle self salarisverhogings en pensioene toeken nie!

Dit is parlementslede se eie skuld dat die volk hulle nie langer as volksverteenvoordigers beskou nie, maar slegs as beroepspolitici.

Die Beroepspolitikus

Die beroepspolitikus is die draer van die partystelsel omdat hy die kampvegter daarvan is. Uit die aard van die saak moet dit onvermydelik so wees, want elke broodwinner is die kampvegter van sy broodwinning. Sedert die Britse veroweraar die partystelsel na Suid-Afrika uitgevoer het, het dit welig in ons land gegroei. Dit het somer onmiddellik wortel geskiet omdat dit 'n nuwe beroep verteenwoordig het wat uit die staanspoor betalend was. As gevolg daarvan het 'n nuwe soort mens, wat vir die Afrikaner heeltemal vreemd was, oral in die land opgeslaan — die beroepspolitikus. Sedertdien het die beroepspolitici hulle self ingegrawe in ons openbare lewe! Hulle het magtige politieke partye opgebou en hulle het die partymasjiene met wydvertakte gevestigde belange verstewig. Geleidelik het die partymasjiene alle selfstandige optrede in die openbare lewe doodgedruk en het die partypolitici 'n monopolie verkry oor die volk se sake. Die volgende stap moes noodwendig wees om die betalendheid van die beroep te vergroot en om die element van risiko geheel en al uit die beroep te skakel.

(Vervol van vorige kol.)

dinge as leiers en partye en die vryheidsideaal van ons volk, waarvan min. J. G. Strydom nog onlangs op Stellenbosch gesê het dat ons volk daarsonder „sielloos en doel-loos sal word en sterf," ag ons so belangrik dat geen taktiese oorweging ons sal belet om vir die suiwerheid daarvan te getuig nie.

Ons is dan ook dankbaar dat republikeine wat buitekant die gelede van die Osewabrandwag staan, tans ook begin aandrang op die sluiting van ons republikeinse gelede, soos blyk uit die reeds genoemde brief van prof. Du Toit, wat ons elders in hierdie uitgawe publiseer.

Volkswiewendes Kom in Opstand

Dit is hoegenaamd nie verbasend dat volksliewende mense met verloop van tyd in opstand gekom het teen die groot politieke partye, wat in 'n nimmer-eindigende proses van afwisseling, die regering van die land — asof dit 'n ryke buit is — met mekaar deel nie. Indien die opstand teen die selfsugtige mag van die politieke partye suksesvol deurgevoer moet word, is dit egter noodsaaklik dat die partystelsel van sy kampvegters — die beroepspolitici — vervreem moet word. En dit sal gewis gebeur wanneer die politieke partye toegee aan die eis: Volksbelang voor Eiebelang, en sorg dra dat dit onverbiddelik in die openbare lewe nagekom word. Maar dit is ongelukkig ook waar dat die politieke partye sodanige vervreemding kan verhoed deur goed te sorg vir die eiebelange van hulle kampvegters — die beroepspolitici.

Nou Winsgewendste Beroep

As gevolg van die soveelste verhoging wat nou weer aan die parlementslede toegeken is, is die partypolitiek vandag een van die winsgewendste beroepe wat in ons land beoefen kan word. Boonop is daar nie meer enige risiko aan die beroep verbonde nie. Die sogenaamde „volksverteenvoordigers" (eintlik partyverteenvoordigers) kry nie alleen 'n vet salaris vir hul „volksdiens" (eintlik partydiens) nie, maar 'n dankbare „volk" (eintlik party) gaan hulle nog 'n pensioen ook betaal as hulle miskien ongelukkig genoeg is om hul setel te verloor by 'n verkiesing. Ek weet nie wat 'n beroepspolitikus nog meer kan verlang nie. Hulle kry botter by die vis.

Selfs die goewerneurs-generaal gaan pensioen trek — £2000 per jaar — as hulle ophou om die verteenwoordiger van Sy Majesteit in Suid-Afrika te wees!

Dit lyk asof 'n mens maar net moet sorg om in die parlement te kom om vir die res van jou lewe 'n onbekommerde bestaan te kan voer op die belastingbetaler se koste.

Wanneer „Partykrasie" Beoefen Word

Hoewel dit 'n vaste reël is dat die opposisieparty die regeringsparty moet opponeer, en hoewel die opposisie na die beste van sy vermoë hierdie taak vervul, blyk dit dat daar tog 'n uitsondering op hierdie reël is.

Toe die regeringsparty die wetsontwerpe op salarisverhogings en pensioenuitkerings voorgestel het, het die opposisieparty dit nie opponeer nie, maar dit intendeel heelhartig ondersteun.

Die Eerste Minister, wat die salarisverhogings voorgestel het, het gesê:

„In so 'n saak kan die verantwoordelikheid nie net op een party geplaas word nie. Die saak is in alle erns deur die onderskeie partye bespreek en daar bestaan gesamentlike verantwoordelikheid. Die ontevredenheid wat buite die Raad mag ontstaan, kan dus nie deur een of ander party deur sy teenstanders uitgebuit word nie. Dit was alleen in sulke omstandig-

hede dat die wetsontwerp ingedien kon word."

Ek glo nie dit kan verwag word dat die partydiktatuur in duideliker taal deur 'n partypolitikus gestel moet word nie. Hier word gesê: Die regeringsparty kan die „ontevredenheid" van die volk „daarbuite," m.a.w. die volkswil verontagsaam — mits die opposisieparty hom daarin ondersteun! Demokrasie? Nee. Partykrasie? Ja.

Goeie Oes van Aspirant-Kandidate

Ek sal glad nie verbaas wees as die nuwe betalendheid van die politiek 'n nuwe stormloop na die beroep van partypolitikus tot gevolg gaan hê nie. Na die heerlike reëns verwag ek 'n baie goeie oes van die aspirant-kandidate. Die storieltjie van die trotse vader wat wou weet of 'n sekere universiteit sy seun kon oplei om miljoenêr te word is goed bekend. Daar is nou raad vir hierdie vader. Sy seun kan beroepspolitikus word en daarvoor is boonop geen opleiding nodig nie!

Hierdie vertroeteling van die partypolitici gaan twee soorte gevolge hê. Enersyds meer en bitterder partypolitiek en meer en slaafser handlangardiens aan die partye. Andersyds toeneemende afkeer aan die politieke partye en hulle beroepspolitici.

Sabotasje Op Britse Oorlogskip

Die Britse vliegtuigdraer Glory moes teruggetrek word uit die Koreaanse oorlog weens sabotasie van die vliegtuie se petrol, na verlede week uit Londen berig is.

Nadat alle vliegtuie wat die skip verlaat het, moelikheid ondervind het met hul motore, het 'n ondersoek aan die lig gebring dat die petrol in die groot petroltenk besoedel is.

Die Glory is die enigste vliegtuigdraer wat die Britte in die oorlog het.

Vir gewige

verfissing

en

vroulike

verfyndheid



K W V

-Eau de Cologne en -Laventel

PRODUKTE VAN SUID-AFRIKA



Konferensie Baruch—Stalin

Twêe Tsare Gesels Oor Lot Van Wêreld

Twêe manne, die keiser van kapitalisme en die pous van Bolsjewisme dobbel met die lot van vyf kontinente.

Dit is 'n asemberowende skouspel, wat aan die teenswoordige geslag van tweeduisend miljoen mense aangebied word. Vir die eerste keer in die wêreldgeskiedenis, kom die twee tsare van blykbaar teenoorgestelde beginsel, kapitalisme en kommunisme tevoorskyn.

Van buite beskou, lyk dit asof hierdie twee magte 'n stryd tot die dood voer, 'n laaste stryd vir wêreldheerskappy.

Hierdie opvatting is nie juis nie, ofskoon kapitalisme en kommunisme teenoorgestelde is.

Kapitalisme soos kommunisme is die begrip van materialisme. Hulle is in hul eintlike wese verbonde, vleis van gelyke vleis en gees van gelyke gees.

Hul teenstander is Christendom en nasionalisme, albei gegrond op die idee van konserwatisme, wat hom manifesteer in die gedagte: Gee aan God, wat van God is, en aan die keiser wat van die keiser is.

Dit is kapitalisme en kommunisme wat deur ooreenkomstige idees verbind is in die stryd teen nasionalisme en Christendom.

Om hul doel, die vernietiging van nasionalisme en Christendom te bereik, moet hulle tot 'n kompromis geraak.

Hoe kon, hoe kan en hoe sal vandag hierdie kompromis tussen kapitalisme en kommunisme, tussen Washington en Moskou lyk?

Ons is in die gelukkige posisie om vry van spekulasie te wees, omdat ons gelukkig skriftelik bewyse daarvoor besit.

IS MOONTLIK

Die „New York Times,” een van die vernaamste Joodse koerante in Amerika en gelyktydig mondstuk van Bernard Baruch, vertel ons dat 'n Russies-Amerikaanse saamwerking moontlik is, omdat president Truman vasberade is om die vrede met Moskou te bewaar.

Die V.S.A. sal nooit die opbou van 'n nasionalistiese Duitsland toelaat nie.

Amerikaanse ekonomiese en finansiële hulp aan Rusland en Oos-Europa kan moontlik word, sodra die politieke atmosfeer verlig word.

Na opsomming van hierdie punte sê die koerant verder: Dit het bekend geword dat B. Baruch, die „vernaamste” Amerikaanse man van die atoomkommissie van die V.V.O., in 'n aantal gesprekke met mnr. Gromyko dieselfde mening verteenwoordig het. . . . Mnr. Gromyko het buitendien nog verdere konferensies met Amerikaanse nyweraars en bankiers gehad en daarby byna alle probleme van die Russies-Amerikaanse verhouding in 'n openlike en duidelike

like wyse bespreek en die oplossing op 'n basis van 'n wederkerige gee en ontvang voorgestel.

B. Baruch het intussen sy samespreking met Stalin gehad en Rusland het sy voorstelle noukeurig ondersoek.

VYF PUNTE

Stalin het vyf punte opgestel, wat as 'n minimale basis vir 'n samewerking tussen Oos en Wes aangeneem moet word.

Hierdie vyf punte was egter selfs vir die linksgeoriënteerde Amerikaanse departement van buitelandse sake vir die oomblik

Die Buiteland In Oenskou Deur „Ski”

te hoog, anders het ons reeds lank gelede die samesnoering van Oos en Wes kon beleef.

Laat ons nou die vyf punte beskou, wat die keiser van kapitalisme en die rooi pous van kommunisme opgestel het.

(1) Sluiting van 'n direkte verdrag tussen Moskou en Washington — met uitsluiting van enige deelneming van Engeland, Frankryk of enige ander deelnemer van die Atlantiese Verbond — waarin die ooreenkomste en belofte van Jalta en Potsdam nog eers herhaal en vasgelê moet word.

(2) Herstel van die viermoondheid-regering vir Duitsland, met „eenstemmigheidsklausule,” dus die Vetoreg vir Moskou.

(3) „Grootmoedigheid” van die Westerse moondhede, die Russiese skadevergoedingseise soos dit in Potsdam opgestel was; asook hulp by die herstel van Russiese gebiede wat deur die oorlog verwoes was.

(4) Staking van alle ondersteuning deur Engeland en Amerika aan „fascistiese” elemente binne en buite die Sowjet-grens.

(5) Herstel van die Russiese Amerikaanse handel met vergunning van 'n Amerikaanse lening van tweeduisend miljoen dollars aan Moskou en wel teen dieselfde voorwaardes wat deur Washington aan Engeland toegestaan is.

Selfs die onskuldigste koerantleser sal dadelik die belangrike betekenis van hierdie vorderinge erken.

BETEKENIS

Punt een sou die volledige terugtog van Amerika se oombliklike Europa-politiek beteken, d.i. die breuk met sy Atlantiese bondgenote. Dan sal die nuwe vasbinding van die juk van Jalta daarop volg.

Punt twee sou die uiteindelijke oorlewering van Duitsland aan Rusland beteken.

Punt drie sou onder die voorwaardes van herstelbetalings die Duitse industrie tot 'n groot werkplek van Rusland maak, om die voorsprong van

die Amerikaanse oorlogsproduksie uiteindelik op te vang.

Punt vier sou die prysgewing van Griekeland, Korea, nasionale Sjina en anti-kommunistiese regerings en moonthede in alle vyf kontinente beteken. Dit sou verder die prysgee van alle Christelike kerke agter die ystergordyn in hul bestaanstryd beteken.

Punt vyf beteken, dat Amerika die slegwerkende nywerheid van die kommunistiese blok deur kapitalistiese dollarmiljarde bo water moet hou.

AANDUIDING

Die Amerikaanse regering swyg oor hierdie eise, maar die publikasies van die Amerikaanse „Wit boek” oor Sjina geld wel as 'n indirekte houding, as 'n stap in die rigting van Joe Stalin se eise, want Amerika erken bepaald die ooreenkoms van Jalta en het sy bereidwilligheid daarin bekendgemaak om te berus by die herowering van Sjina deur die kommuniste.

Dit was ook die werklike rede vir die ontslag van generaal MacArthur.

Die onlangse berigte in die Anglo-Amerikaanse pers oor die vrede-voelers van die Joodse bankier, Wollenburg in Korea 's moontlik 'n verdere aanduiding van die bestaan van 'n geheime invloed van die keiser van kapitalisme — B. Baruch.

Ons wil hier ook daaraan herinner dat in verskillende geheime sittings van die Amerikaanse Senaat beskuldigings geopper is dat Moskou 'n agent het in die sekretariaat van die V.V.O.

Maar die Amerikaanse regering swyg hardnekkig oor hierdie nuwe geheime diplomatie. Die Engelse en Franse regering, wat selfs kommunisties ingelig 's, swyg ook en die ander Atlantiese deelhebbers waag dit nie om te vra nie omdat hulle anders die Marshall-hulp en ander voordele sou verloor. Maar die Amerikaanse politiek word in sekere Europese politieke kringe as 'n politiek van 'n dubbele bodem beskou — bo „stryd teen kommunisme” met Atlantiese verbond-uitrusting van Europa, en onder 'n kompromis met Moskou, Bolsjewisering van Duitsland en Europa: Ekonomiese versterking van die voorgegewe rooi aartsvyand.

Die satelliete van die Marshall-plan word hier so min vir hul mening gevra as die satelliete van die Molotov-plan.

Vir die Europeane — of hulle Frans, Belgies, Hollands, Deens, Noors, Sweeds, Duits, Pools, Italiaans, Spaans of Portugees praat, is daar geen illusies nie want Baruch, die keiser van kapitalisme, en Josef Stalin, die pous van kommunisme, sal ten koste van juis hierdie Europeane ooreenstem.

Of, hierdie Europeane sal hulle eendag saamsluit onder die motto:

„Nôg Wallstraat, nôg Moskou.”

As dit sou gebeur, dan word op daardie dag die Weste weer-gebore en Europa sal vrede hê.

6 JAAR ONDER DIE GROND VASGEKEER: LOT VAN SOLDATE

Twêe Duitsers wat ses jaar lank in 'n onderaardse vesting in Pole vasgekeer was, is verlede week uitgegrawe, maar het kort na hul redding beswyk.

Dit blyk dat ses Duitse soldate in 1945 toe die bevel gekom het om terug te val voor die aanrukkende Rooi Leër, goue voorrade wou gaan wegneem het uit die ondergrondse stoor. Onbewus hiervan het die terugvallendes die toegang tot die vesting met springstof laat toetuimel. Die ses manne was onredbaar vasgekeer, maar het voldoende kos- en drankvoorrade gehad om aan die lewe te bly, as ook 'n voorraad kerse. Twee het mettertyd selfmoord gepleeg, en nog twee het later gesterf nadat die kerse opgebraak en hulle in die donker moes lewe.

Na ses jaar het die Pole begin om die ondergrondse vesting oop te maak. Hulle was ver-

baas toe die twee gehawende manne tevoorskyn slinger. Die een het egter net 'n paar minute geleef en gesterf terwyl hy nog met sy redders gepraat het. Die ander een is dadelik onder die sorg van dokters en verpleegsters geplaas, maar hy was so uitgeeter en verswak dat hy 'n paar uur later in die hospitaal oorlede is.

S.A. Moet Nou Konstabel Speel

Brittanje wentel sy verpligtinge ten opsigte van die verdediging van sy ryksbelange al meer op volwasse „dogters” af. So het die Britse minister van verdediging, Emanuel Shinwell, verlede week gesê dat Suid-Afrika, Australië en Nu-Seeland verantwoordelik is vir die verdediging van die Midde-Ooste, en dat hy graag sal wil sien dat hulle daar ook in vredestryd gewapende magte plaas.

Voorheen het net Brittanje — tot groot ergernis van Jood en Egiptenaar — troepe in die Midde-Ooste aangehou. Hierdie onaangename taak moet nou op Suid-Afrika en „susterstate” afgeskuif word, nou dat dit vir die Britte self te warm geword het daar.

L.P.R.'s Kry Ook Verhoging

Die regering het besluit om met die oog op die salarisverhoging van parlamentslede en ministers ook alle salarisse van provinsiale raadslede en administrateurs met veertig persent te verhoog. Gewone provinsiale raadslede sal nou £420 in plaas van £300 ontvang, uitvoerende komiteelede £1,400 in plaas van £1,000 en administrateurs £3,850 in plaas van £2,750.



Waar u ook mag wees

Kommando

—die gewildste

Suid-Afrikaanse sigaret



Geen Optrede Teen Kahn

Nadat daar eers sprake was dat die regering nog tydens hierdie sitting 'n gekose komitee sou aanstel om verslag te doen oor mnr. Sam Kahn ingevolge die wet op onderdrukking van die kommunisme, en die opposisiepartye reeds uitgenooi was om lede tot die komitee te benoem, is daar verlede week plotseling besluit om geen komitee aan te stel nie.

Dit beteken dat indien die regering van plan was om mnr. Kahn se uitsetting te oorweeg, hy voorlopig daarvan afgesien het en dat mnr. Kahn dus nog tot volgende jaar lid van die parlement sal bly. Dit is nie duidelik waarom die regering van sy plan afgesien het nie.

Naturelle in ons Ekonomie (1)

INLYWING KAN BLANKES HEELTEMAL VERSWELG

Meegaande artikel is ietwat verkort oorgedruk uit die jongste uitgawe van Inspan. Die skrywers is twee bekende deskundiges, professors N. J. J. Olivier en B. I. C. van Eeden. Albei is SABRA-voormanne.

Die onderwerp wat hulle behandel, is die baie netelige kwessie van die ekonomiese integrasie van die natuurlebevolking. Hoewel die skrywers heeltemal buitekant die politiek staan, en dit vir hulle uitsluitlik gaan om die beginsel wat hulle verdedig, is die integrasiebeleid 'n baie aktuele politieke aangeleentheid. Sowel die regeringspartye as die opposisiespartye verwerp die opvatting van algehele apartheid as onprakties en aanvaar die ekonomiese integrasie van die natuurlebevolking as 'n onkeerbare ontwikkeling.

Die Ossewabrandwag daarenteen glo in 'n algehele, dit is ekonomiese, politieke en sosiale apartheid.

In die jongste tyd hoor ons dikwels die beskuldiging dat die beleid van aparte ontwikkeling nie alleen onprakties en totaal onuitvoerbaar is nie, maar ook in wese on-eerlik — 'n sinsbedrog waardeur die naakte werklikhede van ons rassevraagstukke vermy en verdoesel word.

Met die grootste nadruk moet ons sê dat daar nog nooit beweer is dat die apartheidbeleid een is wat op 'n maklike wyse ten uitvoer gebring kan word nie; die oënskynlik sterk ekonomiese faktore wat die doeltreffende uitvoering daarvan bemoeilik en belemmer, word allerweë erken. Maar die opponente van hierdie beleid het die ekonomiese faktore tot hoogste troefkaart en oorheersende toetssteen verhef, in stede daarvan om dit as slegs een faset van hierdie geweldige vraagstuk te beskou; materiële voordeel en voorspoed het die summum bonum in hul eie benadering tot die vraagstuk geword.

En daarom is die enigste moontlikheid wat vandag voor-gehou word, dié van ekonomiese integrasie: die natuurlebevolking moet in hul miljoene in ons ekonomie betrek word. Alleen op hierdie wyse, so word betoog, sal Suid-Afrika tot 'n voorspoedige en welvarende land ontwikkel. Alleen deur ons natuurlebevolking gevestigde inwoners van ons nywerheidstede te maak, kan ons land tot nuwe hoogtes van materiële welvaart gevoer word. Die volle inskakeling en gebruikmaking van alle arbeidskrigte — desnoods ook van die ongebruikte arbeidspotensiaal van die inboorlingmassas buite die grense van die Unie — het vir hulle die oorheersende dryfveer, die onverbiddelike imperatief geword.

VERREIKENDE GEVOLGE

Die ontwikkelingsgeskiedenis van die mens en van die wêreld het egter afdoende bewys dat die volledige en permanente ekonomiese integrasie van 'n individu of 'n bevolking in 'n ander bevolking in, ook ver-reikende implikasies en gevolge op die ander lewensterreine het. Waar in die normale gang van sake 'n individu of 'n minderheidsgroep volkome in 'n ander gemeenskap op ekonomiese terrein opgeneem word, daar gaan daardie individu of groep uiteindelik ook totaal op in die maatskaplike, staatkundige, kulturele en biologiese samelewing van die groter groep. Sou die element wat opgeneem word, egter getalsterker wees en groter lewensvatbaarheid aan die dag lê as die oorspronklike groep, dan bestaan die wesentlike gevaar dat nie die indrin-

ger-groep nie, maar die oorspronklike groep self, sy identiteit in die nuwe eenheid moet prysgee.

LEI DAARHEEN

En dit is presies waartoe die beleid van ekonomiese integrasie noodwendig moet lei. Selfs al sou slegs 'n minderheid natuurlele as permanente en onmisbare faktore in die ekonomiese bestaan van ons blankes ingeskakel word, kan t.o.v. hulle daardie normale en natuurlike opnemingsproses nie plaasvind nie. Hoeveel oneindig groter word die probleem dan nie wanneer die ganse natuurleemassa volkome en sonder voorbehoud in ons ekonomiese bestaan ingevleg word!

In hul versoek om duidelik ingelig te word oor die ander implikasies van die integrasiebeleid, beskik die apartheidsvoorstanders oor 'n wapen waarop hul teenstanders geen antwoord kan gee nie. Die babelse verwarring wat oor hierdie saak in hul eie geleedere heers, is bewys van hul onvermoë, nie alleen om ons rassevraagstukke op 'n realistiese wyse te benader nie, maar ook om die noodwendige en logiese konsekwensies van hul standpunt te begryp.

TWEE PUNTE

Ons wil vervolgens kortliks ingaan op slegs twee belangrike gesigspunte i.v.m. die integrasiebeleid, nl. waartoe so 'n beleid in die lig van ons bevolkingsverspreiding moet lei, en wat die implikasies daarvan t.o.v. die vraagstuk van politieke regte vir natuurlele sal wees.

Op grond van sensussyfers verklaar die skrywers dat dit redelik aangeneem kan word dat die natuurlegebiede oor 50 jaar hoogstens — en dan word dit ruim gestel — vir ongeveer 4½ tot 5 miljoen mense 'n permanente tuiste sal bied, d.w.s. indien die grootskaalse ontwikkeling van die natuurlegebiede sal uitbly, soos 'n mens geregtig is om aan te neem indien die integrasiebeleid uitgevoer word. Die res van die natuurlebevolking sal dan 'n tuiste gevind het in die sogenaamde blanke gebiede, en by uitstek in ons stedelike gebiede; m.a.w. 'n oorweldigende getal natuurlele sal vir hul politieke en ekonomiese toekoms aangewese wees, nie meer op hul eie gebiede nie, maar op die gebied van die witman!

SYFERS

Hoe oorweldigend dié getal sal wees, blyk uit die beraming en stelling van prof. Sadie waarvolgens die S.A. bevolking aan die einde van hierdie eeu soos volg daar sal uitsien:

BEVOLKING VAN DIE UNIE 2000 N.C.

	Getal	% van Totaal
Blankes ...	6,150,000	23.5
Naturelle ...	16,337,000	62.4

Kleurlinge ...	2,560,000	9.8
Asiate ...	1,120,000	4.3
	26,167,000	100.0

Prof. Sadie merk op: „Die gegewens in Tabel XI verteenwoordig 'n toekomsprent wat beslis vleënd is vir die blankes en die groei van die Naturellebevolking minstens nie oorskakel nie. Hiervolgens sal die blankes se aandeel in die totaal toeneem, terwyl die betreklike belangrikheid van die Bantoe afneem in vergelyking met 1946. Desnieteenstaande vergroot die oormaat van Naturelle oor blankes vanaf 5,459,000 in 1946 tot 10,187,000 in 2000 N.C. (vervolg op bladsy 6 kolom 1)

ONS PUT BESIELING UIT GANSE VOLKSVERLEDE

„Een van die Afrikaanse koerante het nou die dag so-ewe terloops 'n baie groot waarheid kwytergelaat. Hulle was besig om 'n vergelyking te tref tussen die sg. „War Veterans” en die Ossewabrandwag. Die vergelyking was dat die „War Veterans” hulle inspirasie put uit Suid-Afrika se wêreldoorloë terwyl die Ossewabrandwag sy inspirasie geput het uit die hele geskiedenis van die Afrikaner!

„Ons is voorwaar dankbaar vir hierdie getuigskrif,” het mnr. A. J. van Rooy, O.B.-generaal van Bellville, verlede week gesê op 'n vergadering van sy kommando's.

Die algemene verkiesing van 1948 het meer as een persoon se berekenings totaal omvergegooi, het spr. voortgegaan. 'n Baie vooraanstaande V.P.-L.V. het net voor die verkiesing na Engeland gegaan om 'n deeglike studie te maak van die amp van Speaker. Hy het verwag om na die verkiesing Speaker te wees in die Unie-Volksraad! Om 'n goeie Speaker te wees moet mens in Engeland gaan studeer. En om 'n goeie goewerneur-generaal, eerste minister of opposisieleier te wees, is dit dalk ook die beste om maar eens kennis te gaan maak met die Mother of Parliaments. Om 'n goeie brandwag te wees, is daar egter net een manier, put u inspirasie uit die ganse verlede van die Afrikanervolk.

In die begin van 1941 het daar 'n groot mate van Afrikanereenheid tot stand gekom, met volle erkenning van die Ossewabrandwag as aksiefront. Die ander sou sorg vir die beleid, die Ossewabrandwag moes sorg vir die aksie.

VERANDERING

Intussen het daar baie water in die see geloop — en hoe het die toestand nie verander nie! Die ander mag dalk aksie hê: die Ossewabrandwag is vandag onbetwisbaar die mees konsekwente handhawer van die tradisionele Afrikaner-republikeinse beleid. En nog steeds het ons die hele verlede van die Afrikanerdom om ons inspirasie uit te put. Inspirasie vir ons aksie wat nog moet kom.

Een van die dae is dit 8 Augustus 1951. Dit is dan presies 13 jaar na die begin van die Ossewatrek. Die Ossewatrek was die begin van baie dinge: die Ossewabrandwag, die Reddingsdaadbond, groot Afrikanerbesighede. Maar nou na 13 jaar dink ons met 'n mate van weemoed aan dit alles. Saam met Paul Kruger kan ons nou weer sê: „Het is waar: veel van wat was opgebouwd, thans ver-

HAAT TEEN KERK IN BRITTANJE

Die kerke in Brittanje word deur baie mense met barbaarse afkeer bejeën, terwyl op die spoor hiervan 'n daling van die sedelike en eerlikheidspel gevolg het, lui die bevinding van 'n kommissie van sosiale wetenskaplikes wat so pas 'n ondersoek ingestel het na die sedelike lewe van die Britse volk.

Onerlikheid het so toegeneem dat die Britse Spoorweë nie meer handdoeke op treine verskaf nie omdat hulle nie kan voorsien om die gesteelde te vervang nie. Een groot winkel het verklaar dat hy jaarliks £300,000 se waarde weens sluipdiewery verloor. Die slagspreuk van jong mense skyn te wees: „Ons sien, ons begeer, ons vat.”

Wat die kerk betref, het die kommissie bevind dat daar 'n groot agteruitgang ten opsigte van die agting vir protestantse predikante ingetree het. „Ons het so 'n wydverspreide weersin in predikante van die Anglikaanse en vrye kerke gevind dat dit slegs as anti-kle-

rikalisme beskryf kan word,” lui die verslag.



Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerk-gebou, vir Radio's, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.

Belangrike Datums Aan Kom

se deelname in twee

word nie. Dis hieruit wat die Ossewabrandwag sy inspirasie put.

leid. Kan ons nie 'n aksie op tou sit om daar 'n mooi republikeinse kommando byeen te kry nie?

Andries Prestorius het hier van die suide gegaan om Bloedrivier en Boomplaat te veg en die konvensie te Sandrivier te onderteken. Dit is ook gepas dat ons vanaand hier uit die suide ons stem laat hoor — hierdie dade mag nie vergeet word nie. Dis hieruit wat die Ossewabrandwag sy inspirasie put.

Dit was na aanleiding van hierdie Vrede van Vereeniging wat Paul Kruger die woorde geuit het: „Het is waar: veel van wat was opgebouwd, is thans vernietigd, vernield, gevallen.” Daarop het hy egter verder laat volg: „Doch met eenheid van zin en eenheid van krachten, kan weer worden opgericht wat thans daar nederligt.”

OORTUIGINGSWERK

Dit bly dan ook ons onmiddellike taak, om sover moontlik oortuigingswerk te doen om die nodige „eenheid van zin” te kry. Sodra ons dit het, is die eenheid van kragte betreklik maklik te verkry — solank ons almal ons inspirasie bly put uit die hele verlede van die Afrikanervolk.

En wat moet ons „eenheid van zin” wees? Ook hier het Paul Kruger vir ons die antwoord gegee: „Geboren onder de Engelse vlag, wens ik niet daaronder te sterven.”

En hoe deurmekaar dinge ook vir ons, vir ons vriende en ons medestanders mag lyk. Ons hou staande die hoop en die verwagting dat die einde van ons werk goed sal wees.

NOG 'N HISTORIESE DATUM

8 Augustus 1951 is nie net die 13de verjaardag van die Ossewatrek nie — dit is ook die 70ste verjaardag van die stigting van die tweede Zuid-Afrikaanse Republiek — die republiek van Paul Kruger! Op 27 Februarie 1881 het die slag van Amajuba plaasgevind. Daarna het die vredesonderhandelinge gekom en op 8 Augustus 1881 het die Staatskretaris op Pretoria 'n proklamasie voorgelees wat soos volg lui: „Op dezen 8e Augustus 1881 is deze land tot ons Regering teruggekeerd.”

Op 8 Augustus 1951 sal die Ossewabrandwag weer inspirasie put uit hierdie heuglike dag van 70 jaar gelede.

EERSTE REPUBLIEK

Op 17 Januarie 1952 moet ons gedenk dat op 17 Januarie 1852 die eerste Republiek van Zuid-Afrika gestig is deur Andries Pretorius met die Sandrivier konvensie.

Die plek waar hierdie konvensie onderteken is, is tussen Bloemfontein en Ventersburg en is maklik bereikbaar vanaf die nasionale pad. Die F.A.K. het reeds aangekondig dat daar 'n fees op die plek op 17 Januarie 1952 gehou sal word. Ons moet dit ondersteun.

Met d'e inwyding van die Voortrekkermonument was die Ossewabrandwag daar verteenwoordig deur 'n flukse kommando saamgestel uit 'n groot aantal eenhede van die Boerejeug. Mag ons vertrou dat die Boerejeug op 17 Januarie 1952 ook te Sandrivier sal wees. Mag daar verder ook die wit rokke van die O.B. vroue gesien word — en sal die mans ook daar 'n kommando kan vorm? Ons hou vas aan ons republikeinse be-

PROBEER OORLOGSVERLEDE AFSKUUR AAN O.B.

Verlede week het die eerste minister, dr. D. F. Malan, vir die soveelste keer in die parlement 'n poging aangewend om sy oorlogsverlede af te skuur aan die Ossewabrandwag. Hy het probeer om hom, sowel as die Herenigde Nasionale Party volkome los te maak van die „Republikeinse Konsepsgrondwet” wat in die oorlogsjare deur alle Afrikanerorganisasies as gemeenskaplike beleidstuk aanvaar is.

Die eerste minister wat die beleid van sy regering in die senaat verdedig het, het dit baie duidelik gemaak dat die „Republikeinse Grondwet” van die Ossewabrandwag afkomstig is. Hy het dit laat publiseer met die doel om vir die volk te wys dat die Ossewabrandwag afgewyk het van sy onderneming om nie op die politieke terrein te kom nie, het die eerste minister gesê.

Hewel dr. Malan dikwels die O.B. beskuldig het dat hy op sy party se terrein gekom het toe hy (die O.B.) die „Republikeinse Grondwet” begin propageer het, is dit beslis betekenisvol dat dr. Malan nooit die O.B. beskuldig het nie dat hy 'n grondwet propageer waarteen hy of sy party beswaar het. Intendeel die beskuldiging was juis dat die O.B. 'n H.N.P.-stuk propageer en dat hy geen reg het om dit te doen nie. Daardie reg het net aan die H.N.P.-leier behoort want die grondwet is aan hom toevertrou en hy het dit aanvaar. Dr. Malan het nooit enige twyfel gelaat dat hy die grondwet as sy ding beskou nie. Daarom het hy baklei tot die O.B. die grondwet begin propageer het, want hy het beskou dat die O.B. daardeur sy ding afgevat het.

(vervolg van bladsy 5 kolom 3)

Voeg die Kleurlinge en Asiate by en die oormaat van gekleurdes word 13,867,000. Iets werklik katastrofies moet met die Naturellebevolking gebeur voordat hul aanwas so klein word dat die bogenoemde verskil in absolute hoeveelhede nie vergroot nie. Ek twyfel daaraan dat immigrasie van blanke Europeërs die probleem sal kan oplos of veel minder akuut sal kan maak. Die absorberingsvermoë van die ekonomie is beperk en die oorweging dat in alle geval na die belange van die Bantoe omgesien moet word, laat hom ook geld.

Op grond van ons afleiding hierbo, sal derhalwe oor 50 jaar waarskynlik ongeveer 'n 12 miljoen naturelle hulle in die blanke gebiede as permanente inwoners bevind, d.w.s. tweemaal soveel as die totale blanke bevolking.

(Slot Volg)

OPPOSISIE VERWERP KOMPROMIS OOR VAKANSIEDAE

Teenstand van die opposisie teen die wetsontwerp op openbare vakansiedae, wat die regering eers op die voorlaaste dag van die sitting ingedien het, het gemaak dat die maatregel vir die tweede agtereenvolgende jaar skipbreuk gely het. Die beswaar geld hoofsaaklik die benaming van 10 Oktober as Krugerdag — wat soos al die ander aanbevelings deur die betrokke kommissie eenparig aanbeveel is.

Van opposisie-kant is versoek dat die naam „Heldedag” moet wees sodat elkeen die geleentheid sal hê om sy eie helde te huldig — presies die beswaar wat die O.B. nog altyd teen d' benaming Helledag gehad het, want Cecil Rhodes sal uiteindeelik op Kruger se verjaardag gehuldig word!

Die kommissie, wat onder meer uit 'n paar eentalige Engelssprekendes bestaan het vir wie die Afrikaanse getuie nis deur die voorsitter vertolk moes word, het die aanbevelings

NET EEN PUNT

Dr. Malan het dit herhaaldelik duidelik gemaak dat dit net die taalklousule in die grondwet is waarmee hy nie saamgaan nie. Hy verlang twee ampelike tale — en niemand, selfs nie die ywerigste voorstanders van die grondwet nie, het hom ooit daarvoor kwalik geneem nie. Maar hierdie enkele voorbehoud van dr. Malan is ongetwyfeld die sterkste bewys van sy heelhartige aanvaarding van die hele res van die grondwet.

Nogtans verloën dr. Malan vandag dieselfde grondwet waaroor hy tien jaar gelede oorlog verklaar het teen die Ossewabrandwag, ten einde te veg vir die alleenreg van sy party daarop. Tien jaar gelede was dr. Malan so jaloers op „sy” grondwet dat hy hoegenaamd nie wou duld dat die O.B. dit selfs maar moes propageer nie. Vandag verklaar hy dat die grondwet nie sy ding is nie, nooit sy ding was nie — altyd maar die Ossewabrandwag se ding was!

Wat is die feite in verband met hierdie grondwet?

DIE FEITE

In 1941 het die nie-partypolitieke volksorganisasies onder leiding van prof. L. J. du Plessis 'n grondslag vir samewerking van alle Afrikaanse volks- en politieke organisasies uitgewerk. Hierdie grondslag het sekere „onontbeerlike beginsels” bevat wat in 'n „Verklaring” namens die volksorganisasies aangestip is en waarin onder meer verdaar word: „Die staatsstelsel mag nie op vreemde lees geskoei wees nie. Dit moet wegbreek van alles wat vals of volkskadelik is in die demokrasie soos hier bekend, en moet 'n kragtige landsregering moontlik maak, gebou op die begrippe van volksregering van die Suid-Afrikaanse republiek, met die nodige aanpassing in 'n geïndustrialiseerde staat ter bevordering van die volksbelange.”

GRONDWET

Hierdie staatsstelsel is breedvoerig uitgewerk in 'n afsonder-

like dokument bekend as die „Grondwet vir Republiek van S.A.” Hierna is dr. Malan deur die voorlopige Eenheidskomitee genader om sy party se samewerking te gee, en wel nadat die voorbereidende werk in samewerking met die „leierskomitee” van die H.N.P. voltooi is.

Dr. Malan se antwoord het gelui:

„Ek het u verklaring namens die genoemde volksorganisasies sorgvuldig oorweeg en aarsel vir geen oomblik om dit heelhartig te aanvaar nie . . .”

IN OORLEG

Onder die opskrif „Besluite van Voorlopige Volkseenheidskomitee in Oorleg met H.N.P. of V. en O.B.” verklaar die voorsitter van die komitee, prof. L. J. du Plessis, in die gepubliseerde verklaring oor wat bereik is onder andere die volgende:

8. „Gemeenskaplike Beleid. As leidraad vir die vasstelling van gemeenskaplike beleid aanvaar al die gekoördineerde liggame die Eenheidsverklaring en Grondwet wat deur die voorlopige Eenheidskomitee opgestel is.”

Die Grondwet is aan dr. Malan „toevertrou . . . om te oorweeg en leiding te gee by verdere bespreking en publieke propagering daarvan.”

„HOOFBEGINSELS AANVAAR”

Op 23 Januarie 1942 is die „Grondwet” op gesag van dr. Malan volledig gepubliseer „veral ook met die oog op die ongeoorloofde gebruik wat vroeër van gedeeltes daarvan gemaak is.”

Ter inleiding is opgemerk dat 'n vergelyking tussen die stuk en die party se program van beginsels sowel as dr. Malan se republikeinse mosie in die parlement „baie duidelik sal aantoon dat die party en sy hoofleier die skema in sy hoofbeginsels en in sy wye omtreke aanvaar het” en dat dit geneem kan word „as 'n aanduiding van die algemene rigting wat die Party reeds ingeslaan het.”

Indien die H.N.P.-politici vandag nie meer die moed van hulle oorlogsjare se oortuiging het nie, is die eerbare weg om dit ruitelik te erken. Dit is beslis lafhartig om hulle oorlogsverlede aan die O.B. te probeer afskuur. En hierdie afskuurdery is boonop volkskadelik omdat dit gedoen word ten einde die regeringsparty aanneemlik te maak vir die Britse Statebond en die Engelse kiesers in Suid-Afrika.

Wil Kerk Verskuif Na Krieketveld

Die Engelse is glo begaan oor die agteruitgang van krieket in die afgelope tyd. Een van Brittanje se vooraan spelers, Bill Edrich, het as oplossing aan die hand gedoen dat krieket net een keer per week gespeel moet word — op Saterdag, Sondag en Maandag. Voor die spel op Sondag begin, kan dan eers 'n kort godsdienste op die veld gehou word.

Hierdie voorgestelde maatregel sou dan meer mense in krieket laat belang stel, meen hy.

Dreigement Teen Mnr. J. A. Smith

„Sambok” Smith sal glo nou moet oppas! Sy Majesteit se minister van justisie, mnr. C. R. Swart, het aan mnr. Harry Lawrence, 'n voormalige justisie-minister van Sy Majesteit, belooft om met hom te „werk”. Mnr. Lawrence se vrees vir mnr. Smith, die onderleier van die O.B., spruit uit laasgenoemde se verklaring in Die O.B. dat as geweld vereis word om 'n republiek te kry, hy nie daarvoor sal terugdeins nie. In die volksraad het minister Swart vir mnr. Lawrence gerusgestel deur hom te verseker: „Ek sal met hom werk as dit nodig word.”

Waarskynlik sal Britse oë voortaan met welbehag op mnr. Swart kan rus, want hy het hom mos nou skoongewas deur sy belofte om met „Sambok” Smith te „werk”.

'n Paar dae later het die eerste minister in die senaat die hele regeringsparty probeer skoonwas. Hy het gesê dat dit „te danke is aan die H.N.P. wat die O.B. in dwang gehou het, dat daar in die oorlogsjare nie bloedvergieting en rebellie plaasgevind het nie.” Hy het voorts gesê dat „die H.N.P. demokraties is, terwyl die O.B. dit nie is nie.” „Die O.B. staan vir 'n diktatorskap. Die beweging is openlik nasionaal-sosialisties, terwyl die party dit verwerp,” het hy betoog.

Maar om terug te keer tot mnr. J. A. Smith:

In 'n artikel in Die O.B. van 30 Mei het mnr. Smith verklaar dat praktiese stappe nou nodig geword het om 'n republiek te verkry. Hy het aan die hand gedoen dat 'n republikeinse front gestig word bestaande uit alle nasionaal- en republikeinsgesindes wat deur middel van republikeinsgesinde partykandidate as dit moontlik, of indien nie, deur eie republikeinse kandidate die kwessie van die totstandbrenging van 'n republiek op parlementêre gebied moet indra. Dit was sy presiese woorde en die betekenis was ongetwyfeld vir alle goedgesinde mense duidelik en aanneemlik.

Hy het verder gegaan en herhaal wat hy en ander O.B.-leiers so baie in die verlede gesê het dat hulle nie teen 'n stembus as sodanig is nie. „Het ons dit nie so baie in die openbaar namens die beweging gesê dat as ons 'n republiek langs die weg van die kruise (stembus) kan bereik, ons van Kaapstad tot Pretoria kruisies sal trek, of as dit geweld vereis ons daarvoor ook geensins sal terugdeins nie?” het mnr. Smith geskryf.

Vir hierdie laaste woorde het mnr. Lawrence kwansuis geskrik en om verskoning vir sy eie en mnr. Nicholls se dreigemente van burgeroorlog te vind, kla hy toe vir „Sambok” Smith by mnr. Swart aan en wou hy weet of hulle nie teen hom sou optree onder die nuwe wet op onderdrukking van kommunisme nie. En dadelik het mnr. Swart Sy Majesteit se Opposisie verseker dat hy „met hom sal werk as dit nodig word.”

Ons is heeltemal oortuig daarvan dat mnr. J. A. Smith glad nie geskrik het nie. Solank hy leef het hy nog nooit vir iemand wat Sy Majesteit verteenwoordig, bang geword nie. Sy vorige Majesteite met hul trawante het hom al met geweer en kanon bygedam, in die tronk gehad en die galg aangebied. Maar dit terloops.

Sal mnr. Swart vir „Sambok” Smith ook buitekant die mure van die volksraad bedreig?

DIE VERSKIL

Die verskil tussen 'n Nicholls of 'n Lawrence se dreigemente en mnr. J. A. Smith se bely-



denis is die verskil tussen die veroweraar en die volksman. Hulle wil in opstand kom teen die volkswil as dit nie met hul imperialistiese sienswyse strook nie. Mnr. Smith se belydenis is eenvoudig dat hy nie vir geweld sal terugdeins as sy volk belet word om sy wil ten uitvoer te bring nie.

Dis merkwaardig. In 1941 het dr. Malan die O.B. by die oorlogsregering aangekla en genl. Smuts het deur mnr. Lawrence stappe van verkragting van burgerlike vryheid gedoen — getuie die internerings sonder verhoor. In 1951 kla dieselfde mnr. Lawrence weer 'n O.B.-leier by die Malan-regering aan en die betrokke minister belooft om teen hom op te tree.

Die Minister het beslis 'n onreg gepleeg teenoor mnr. J. A. Smith deur hom slegs op aanklag van mnr. Lawrence in die openbaar te brandmerk as iemand teen wie die justisie geregtig mag wees om op te tree. Dit is veronregting wat hom tot groot skade in die samelewing kan strek. Om nie eens te praat van die implikasies van die Minister se belofte om te „werk” met manne wat getuig dat hulle vir die „republiek” sal veg nie.

„DIE O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

O.B. JAARGANGE

JAARGANG 1949—1950

Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk.

PRAGTIG INGEBIND

VOORRAAD BAIE BEPERK

BESTEL DUS DADELIK BY:

VOORSLAG (EDMS.) BPK.

Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad